

DERDE HOOFSTUK.

WOORDBUIGING.

§ 119. Buiging is 'n verandering aan die woorde om hulle by hulle hoofbetekenis nog 'n bybetekenis te gee; b.v. ons verander os in osse om aan te dui dat ons meer as een os bedoel; so verander ons groot in groter en grootste; leer in geleer, is in was; ens.

Die woorde wat gebuig kan word is: die *snw.*, die *vnw.*, die *bvgl. woorde*, die *ww.* en party *bywoorde*. Die buiging van *snw.*, *vnw.* en *bvgl. w.* noem ons *verbuiging*; die van *ww.* noem ons *vervoeging*; en 'n besonder soort buiging van *bvgl. w.* en *bw.*, waardeur verskillende grade van sterkte uitgedruk word, noem ons *vergelyking*.

A. Verbuiging.

I. Die selfst. naamwoord.

§ 120. Daar is drie redes waarom 'n *snw.* of 'n daarby behorende *bvgl. w.* verbuig word, nl. verskil in *geslag*, *getal* en *vorm* (of *naamval*).

a. Geslag.

§ 121. Onder die mense is manne en vroue, onder die diere mannelikes en wyfies. Ons noem hierdie twee soorte die *manlike* en die *vroulike* geslag, en die name van individue van elke soort noem ons *manlike* en *vroulike woorde*.

Daar is ook name van diere, wat vir die mannetjie en die wyfie altwee gebruik word, b.v. *mossie*. Sulke name noem ons *gemeenslagtig*. En verder is daar 'n menigte lewenlose dinge, wat natuurlik geen geslag het nie; die woorde waarmee hulle aangedui word noem ons *onsydig*,

d.w.s. dat hulle aan nie een van die twee behoort nie; b.v. *tafel, meel, gebergte*, ens.

Die verskil in geslag het nie eintlik groot invloed op die snw. self nie (Kyk vir gevalle waar dit invloed het, § 122—127); maar wel op die vnw. wat in die plek van die snw. kom.

Vir *manl.* snw. gebruik ons die pers. vnw. *hy*;

„ *vroul.* „ „ „ „ „ „ *sy*;

„ *gemeensl.* „ „ „ „ „ „ *hy* of *sy*,
alnadat ons die *manl.* of *vroul.* dier bedoel.

Vir *onsydige* snw. gebruik ons *dit* of *hy*. Wat hierdie laaste betref, kan ons sê dat *dit* oor die algemeen gebruik word vir stowwe, terwyl die een sowel as die ander vir dinge gebruik word. Hierby moet ons opmerk, dat die vnw. *hy*, as dit vir dinge gebruik word, aan die voorwerp meer of min die begrip van 'n persoon verbind, wat met *dit* nie die geval is nie.

§ 122. Die gevalle, waarin die geslag invloed op die woorde self het, bly beperk tot die verskil tussen name van manlike en vroulike persone of diere. Daar is vier sulke gevalle:

1. Waar die *vroul.* woord van die *manl.* gevorm word met behulp van 'n *agtervoegsel*.
2. Waar die *manl.* en *vroul.* woord elkeen 'n *aparte agtervoegsel* het.
3. Waar die verskil uitgedruk word deur *toevoeging* van die woorde: *mannetjie* of *wyfje*; *bul* of *koei*; *ram* of *ooi*; *haan* of *hen*; *hings* of *merrie*.
4. Waar die verskil deur *aparte woorde* aangedui word.

§ 123. Die *agtervoegsels*, wat vroulike woorde van manlike maak, is: —*in*, —*es*, en —*e*.

Die vernaamste vroulike woorde op —*in* is: *berin*, *boerin*, *godin*, *gravin*, *heidin* (in pl. v. *heidenin*), *heldin*, *herderin*, *hertogin*, *Jodin*, *keiserin*, *koningin*, *Kristin* (van die ou naam *Krist*, waarvoor ons nou *Kristen* sê), *slavin*, *vorstin*, *vriendin*, *wolvin*.

Die vernaamste vroulike woorde op —*es* is: *barones*, *bedelares*, *dienares*, *digteres*, *onderwyseres*, *priesteres*, *prinses*, *profetes*, *sangeres*, *sondares*, *voogdes*.

Die vernaamste vroulike woorde op —e is: *eggenote*, *erfgename*, *orreliste*, *pianiste*, *presidente*, *sekretaresse* (in pl. v. *sekretarisse*).

§ 124. Die agtervoegsels, wat vir ml. en vrl. elkeen apart gebruik word, is resp.: —er en —ster, wat na werkwoorde kom om die mense wat die werk doen, te noem; b.v. *bakker* — *bakster*; *prater* — *praatster*; ens.

Daar is ook persoonsname, wat met *Latynse* agtervoegsels van *Latynse* ww. gemaak is; die manlike gaan uit op —tor of —teur, en die vroulike op —triese; b.v.:

eksaminator — *eksaminatriese*;
direkteur — *direktriese*, ens.

§ 125. Voorbeelde van die toevoeging van die woorde *mannetjie*, *wyfie*, ens. is die volgende:

leeumannetjie — *leeuwyfie*;
mannetjie-eend — *wyfie-eend*;
wildebeesbul — *wildebeeskoei*;
bokram — *bokooi*;
hoenderhaan — *hoenderhen*;
eselhings — *eselmerrie*;
hingsvul — *merrievul*.

Ons sien, dat die onderskeidende woord partykeer die eerste deel van die nuwe woord, en dan weer die laaste deel is.

§ 126. Die vernaamste woorde wat vir ml. en vrl. heeltemal verskillend is, is die volgende:

<i>baas</i>	— <i>nooi</i> (<i>miesies</i>)	<i>jongetjie</i>	— <i>meisie</i>
<i>kleinbaas</i>	— <i>nonnie</i>	<i>jongkêrel</i>	— <i>nooi</i>
<i>oubaas</i>	— <i>ounooi</i>	<i>kaffertjie</i>	— <i>meidjie</i>
<i>broer</i>	— <i>suster</i>	<i>klonkie</i>	— <i>kleinmeidjie</i>
<i>heer</i>	— <i>dame</i>		(<i>klemmetjie</i>)
<i>meneer</i>	{ <i>mevrouw</i>	<i>man</i>	— <i>vrou</i>
	(getroud)	<i>monnik</i>	— <i>non</i>
	{ <i>juffrou</i>	<i>neef</i>	— <i>nig(gie)</i>
	(ongetroud)	<i>oom</i>	— <i>tante</i>
<i>jong</i>	{ — <i>meid</i>	<i>ouboet</i>	— <i>ousus</i>
<i>kaffer</i>		<i>ouneef</i>	— <i>ounig(gie)</i>
<i>anta</i>	— <i>aia</i>		

oupa — ouma
 pa — ma
 seun — dogter

swaer — skoonsuster
 strooijonker — strooimeisie
 vader — moeder

beer — sog haan — hen
 bul — koei hings — merrie
 ram — ooi

§ 127. By die gemeenslagtige snw. op —*genoot* en —*ling* word die vrl. soms aangedui deur 'n —*e* agteraan te voeg; b.v.:

leerling — *leerlinge*;
huisgenoot — *huisgenote*;

maar nodig is dit nie, en dit word ook maar min gedoen.

b. Getal.

§ 128. Daar is in Afrikaans twee getalvorme: die *enkelvoud*, wat een, en die *meervoud*, wat meer as een persoon of ding aandui.

Die meervoud word aangedui deur agtervoeging van —*e* of —*s*. Behalwe die woorde wat hierdie uitgang neem, is daar ook 'n aantal snw. wat die mv. vorm op —*te*, —*ers*, of —*ere*.

As algemene reël kan gestel word:

1. —*e* kom agteraan snw., waarvan die laaste lettergreep die klemtoon dra; hieronder behoort dus ook die eenlettergrepige snw., omdat hulle vanself die klemtoon op die een lettergreep het. B.v.: *soldate*, *lemoene*; *boeke*, *stokke*.
2. —*s* kom agteraan snw., waarvan die laaste lettergreep nie beklemtoon is nie; hieronder val ook eenlettergrepige woorde, wat op —*lm* of —*rm* uitgaan, soos *skelm*, *arm*, omdat hulle in die uitspraak prakties uit twee lettergrepe bestaan: ons spreek hulle amper uit: *skellem*, *arrem*. Ook *verkleinwoordjies* behoort natuurlikerwys hierby, en *bnw.*, wat as snw. gebruik word. Voorbeelde: *geraamtes*, *novelles*, *bekers*; *skelms*, *arms*; *boekies*, *boompies*; die *grotes*, die *rooies*.

§ 129. Uitsonderings op die twee hoofreëls.

Die volgende woorde; al het hulle net een lettergreep, kry —s in die meervoud:

<i>broer</i> — <i>broers</i>	<i>roer</i> (geweer) — <i>roers</i>
<i>jaart</i> — <i>jaarts</i>	<i>saal</i> (op 'n perd) — <i>saals</i>
<i>leeu</i> — <i>leus</i>	<i>seun</i> — <i>seuns</i>
<i>maat</i> — <i>maats</i> (ook <i>maters</i>)	<i>smid</i> — <i>smids</i>
<i>man</i> — <i>mans</i>	of <i>smede</i> ; (ook: <i>smit</i> — <i>smitte</i>)
<i>neef</i> — <i>neefs</i>	<i>spreeu</i> — <i>spreeus</i>
<i>oom</i> — <i>ooms</i>	<i>tjek</i> — <i>tjeks</i>
	of <i>tjekke</i>
	<i>tier</i> — <i>tiers</i>
	of <i>tiere</i>

Die volgende woorde, al het hulle meer as een lettergreep, kry—e in die meervoud:

Woorde wat eindig op —is of —aris, soos b.v.:

vonnis—*vonnisse*; *sekretaris*—*sekretarisse*;

kennis—*kennisse*; *notaris*—*notarisse*.

Die rede is duidelik: hulle kan geen —s kry nie, omdat dit nie apart hoorbaar daaragter kan gesê word nie.

OPMERKING. Verdubbeling van medeklinkers en die enkelskryf van klinkletters in die meervoud is 'n kwessie van *spelling*, wat niks met die reëls vir die meervoud te doen het nie; daarom word dit nie hier behandel nie, maar in Hfst. V.

§ 130. Besonderhede omtrent meervoude op —e.

1. Daar is 'n klas snw., wat skynbaar in die mv. op —te uitgaan. Dit is woorde, wat oorspronklik (nl. in Nederlands) in die enkelvoud eindig op *ft*, *cht*, *pt* of *st*, en daardeur in Afrikaans in die meervoud op *fte*, *gte*, *pte* of *ste* eindig. In die Afrikaanse enkelvoud egter val nie alleen die —e weg nie, maar ook die *t*, omdat die Afrikaanse taal geen *t* agter 'n *f*, *g*, *p* of *s* op die end van 'n woord uitspreek nie. M. a. w.: die oorspronklike Nederlandse uitspraak van die meervoud is in Afrikaans behou, maar die enkelvoud het die invloed van die Afrikaanse taaleie ondervind in die afwerping van die *t*. Voorbeelde:

skrifte—*skrif*; *ampte*—*amp*;

nagte —*nag*; *gaste*—*gas*.

Dit is dus raadsaam om hierdie woorde nie te beskou in die rigting van enkelvoud na meervoud toe nie,

maar omgekeerd: *eers die meervoud, en dan die enkelvoud*. Hierdeur word ook verwarring voorkom met woorde wat oorspronklik op *f, g, p* of *s* (sonder *t*) geëindig het, en waarmee nou die woorde onder bespreking skynbaar gelyk staan, soos b.v.:

gasse, gas; en gaste, gas.

Hierdie verwarring het reeds aanleiding gegee tot die ontstaan van sekere deur die S. A. Akademie gewettigde meervoude soos *grafte* (uit oorspr. enkv. *graf*), *jaste* (uit oorspr. enkv. *jas*); en ongewettigde soos *les—leste* (regte mv. *lesse*), *mes—meste* (regte mv. *messe*).

Op dieselfde manier as *nagte—nag*, ens. het ook ontstaan:

<i>deugde</i> <i>virtue</i>	— <i>deug</i> ,
<i>maagde</i> (meisies)	— <i>maag</i> ,
<i>hemde</i>	— <i>hemp</i> .

By laasgenoemde is in Afrikaans in die uitspraak die *d* met die *m* tot *p* geassimileer; m. a. w. die lipletter *m* is oorsaak dat die *d* ook 'n lipletter geword het.

2. 'n Ander geval, waarby die mv. eerste behoort beskou te word, is die meervoude op —*we*, b.v.: *wolwe*, *skerwe*, *duiwe*. By die weglaat van die —*e* in die enkv. word *w* die laaste letter van die woord. Maar die Afrikaanse uitspraak verander 'n stemhebbende medeklinker (Kyk § 257) op die end van 'n woord in 'n stemlose, en dus verander *wolw*, *skerv*, *duiw*, respektieflik in *wolf*, *skerv*, *duif*. Hierdie *f*, wat die plek van 'n *w* inneem, noem ons 'n *onegte f*.

OPMERKING. Dat woorde soos *stowwe* met *ww* gespel word, is nie 'n besonder geval van meervoudsvorming nie, maar 'n gevolg van ons spelreëls; m.a.w. dit het alleen betrekking op die *oog*, en nie op die *oor* nie.

3. Sekere woorde op *g*, voorafgegaan deur 'n kort klinkletter wat in die meervoud lank word, het twee meervoude, een met *g*, uitgespreek soos die *g* in Eng. „*get*”, en die ander sonder *g*; b.v.:

<i>dag</i>	— <i>dage</i> en <i>dae</i> ,
<i>oog</i>	— <i>oge</i> en <i>oë</i> ,
<i>weg</i>	— <i>wege</i> en <i>weë</i> .

In sekere streke van Suid-Afrika word die eerste vorm die meeste gehoor, in ander streke weer die ander.

Altwee word as goed erken. Hierdie *g* staan bekend as die *intervokale g*.

§ 131. **Besonderhede omtrent meervoude op —s.**

1. Eiename, onverskillig of hulle een of meer lettergrepe het, kry —s in die meervoud:
 die *De Wets*, die *Van der Merwe's*,
 die *Potgieters*, die *Kotzé's*,
 die *Jans*, die *Fourie's*.

Maar as die naam self op —s uitgaan, kry dit in die mv. 'n —e:

 die *Jakobse*; die *Krisse*.

OPMERKING. Die skryfwyse met 's is 'n kwessie van *spelling*, nie van meervoud nie, kyk Hfst. V.

2. Woorde op —ing, kry —s; maar die wat van ww. gemaak is, kan ook —e kry:

dorings, *kussings*, ens.

maar: *vergaderings* en *vergaderinge*,
 ontdekkings en *ontdekkinge*, ens.

Die mv. op —e word hoofsaaklik gebruik as oor geleerde of minder alledaagse onderwerpe gepraat word.

Woorde op —ling egter kry altyd —e:

jongelinge, *ouderlinge*, *leerlinge*, ens.

3. Voltooide of verlede deelw. (Kyk § 176) wat as snw. gebruik word, en vir die doel op —de eindig, soos b.v.: *afgevaardigde*, *beskuldigde*, gaan in die mv. op —s uit, volgens die reël, maar as uit die sin duidelik genoeg blyk, dat die mv. bedoel word, kan die —s ook wegge laat word, b.v.: *Die twee beskuldigde word tegelyk voor die hof gebring*. Dit skyn egter asof ook in hierdie geval die mv. op —s mettertyd die oorhand sal kry.

4. Snw. op —aal, —aar, —aard, —eur, —ier, vorm hulle mv. op —s as dit name van mense is, b.v.:

generaals, *admiraals*, *korporaals*;
 bedelaars, *leuenaars*, *wewenaars*;
 gierigaards, *lafaards*, *wreeddaards*;
 inspekteurs, *kondukteurs*, *kolporteurs*;
 barbiers, *tuiniers*, *winkeliers*.

Uitsonderings: *barbare*, *Spanjaarde*, *offisiere*.

As hulle dinge beteken, kry hulle —e; b.v.:

kwartale, portale, katedrale;
kwartiere, plesiere, riviere.

5. Vreemde woorde, wat op *ee, ie* (of *i*), *o*, of *u* uitgaan, kry in die mv. —s, onverskillig of hulle laaste lettergreep beklemtoon of onbeklemtoon is; b.v.:
kafees, matinees; iempies, alibi's;
piano's buro's; parvenu's, paraplu's.

OPMERKING. Dat in party van hierdie woorde 'n weglatingsteken (') gebruik word, is nie 'n meervoudsreël nie, maar 'n spelreël (Kyk Hfst. V).

§ 132. Meervoude op —ers of —ere (dubbele meervoudsuitgang).

Oorspronklik was die mv. van *kind* en nog 'n aantal snw.: *kinder*, ens. Die meervoudsuitgang van hierdie woorde was dus —er. Maar later het jonger generasies dit nie verstaan nie, en onwillekeurig —s of —e, nog daaraan toegevoeg. So het ons hier 'n dubbele uitgang. Dit kom agteraan die volgende woorde:

- a. uit Nederlands oorgeërf:

<i>kind</i> — <i>kinders</i> ;	<i>gemoed</i> — <i>gemoedere</i> ;
<i>kalf</i> — <i>kalwers</i>	<i>gelid</i> — <i>geledere</i> ;
<i>lam</i> — <i>lammers</i> .	<i>goed</i> — <i>goedere</i> ;
	<i>lied</i> — <i>liedere</i> ;
	<i>kleed</i> — <i>klere</i> (van <i>kledere</i>);
	<i>volk</i> — <i>volkere</i> (ook <i>volke</i>).

- b. Na die voorbeeld van die genoemde woorde in Nederlands het in Afrikaans die volgende ontstaan:

<i>goed</i> — <i>goeters</i> ;	<i>maat</i> (= vriend)— <i>maters</i> .
<i>klip</i> — <i>klippers</i> ;	

OPMERKINGS I. *Kind, kalf* en *lam* het ook nog as mv. *kindere, kalwere, lammere*; maar dit word alleen gebruik in Bybeltaal en spreekmaniere, wat daaraan ontleen is; b.v.: *die kindere Israels*. So ook: *doodsbeendere*.

II. Die woord *eier* was in Nederlands die mv. van *ei*, en het later *eiers* of ook *eieren* geword. In Afrikaans het die mv. *eier* met-tertyd enkelvoud geword, sodat ons sê: 'n *eier*; die mv. is *eiers*. Hier het ons dus in Nederlands 'n dubbele meervoudsuitgang, maar in Afrikaans die gewone uitgang —s. Dieselfde geld ook van die snw. *hoender*, wat in Nederl. *hoen*, mv. *hoenders* is.

III. Van die woorde *kind, kalf*, ens. kan verkleinwoorde gemaak

word, wat hulle eie mv. het: *kindjie, kalfie* — *kindjies, kalfies*, ens. Maar bowendien kan van die meervoude *kinder, kalwer*, ens. ook nog verkleinwoorde gemaak word, wat egter alleen in die meervoud voorkom: *kindertjies, kalwertjies*, ens.; so ook *goetertjies, klippertjies*.

§ 133. Onreëlmatige meervoude.

1. Die volgende snw. het 'n kort klinkletter, maar in die mv. word dit lank:

<i>bad</i> (= bron)	— <i>baaie</i> ,	<i>bevel</i>	— <i>bevele</i> ,
<i>blad</i>	— <i>blaaie</i> ,	<i>gebed</i>	— <i>gebede</i> ,
<i>dal</i>	— <i>dale</i> ,	<i>gebrek</i>	— <i>gebreke</i> ,
<i>dag</i>	— <i>dae</i> ,	<i>spel</i>	— <i>spele</i> ,
<i>gat</i>	— <i>gate</i> ,	<i>weg</i>	— <i>weë</i> ,
<i>glas</i>	— <i>glase</i> ,	<i>gebod</i>	— <i>gebooie</i> ,
<i>pad</i>	— <i>paaie</i> ,	<i>God</i>	— <i>Gode</i> ,
<i>slag</i>	— <i>slae</i> ,	<i>hof</i>	— <i>howe</i> ,
<i>vat</i>	— <i>vate</i> ,	<i>oorlog</i>	— <i>oorloë</i> ,
<i>verdrag</i>	— <i>verdrae</i> ,	<i>hertog</i>	— <i>hertoë</i> .
<i>vlag</i>	— <i>vlae</i> ,		

OPMERKING. *baaie, blaaie, paaie, gebooie* het ontstaan uit *bade, blade, pade, gebode*.

2. Die volgende verander hulle klinkers:

lid—*lede*; *stad*—*stede*; *skip*—*skepe*.

3. Die volgende kry in die mv. —ens.:

<i>gevoel</i> — <i>gevoelens</i> ,	<i>wa</i> — <i>waens</i> ,
<i>hawe</i> — <i>hawens</i> ,	<i>wese</i> — <i>wesens</i> ,
<i>lewe</i> — <i>lewens</i> , of <i>lewes</i> ,	<i>vrou</i> — <i>vrouens</i> (of <i>vroue</i>),
<i>meul</i> — <i>meulens</i> , of <i>meules</i> ,	<i>bed</i> — <i>beddens</i> (ook <i>bedde</i>),
<i>nooi</i> — <i>nooiens</i> ,	<i>rede</i> (verhouding)— <i>redens</i> .

4. Woorde op —heid verander —heid in —hede:
waarheid—*waarhede*.

5. Woorde op —man kry reëlmatig —manne, behalwe die volgende:

<i>koopman</i>	— <i>koopmans</i> ,	<i>buurman</i>	— <i>bure</i> ,
	<i>koopliede</i> ,	<i>Fransman</i>	— <i>Franse</i> ,
<i>timmerman</i>	— <i>timmermans</i>	<i>Engelsman</i>	— <i>Engelse</i> ,
	<i>timmerliede</i> ,	<i>Skotsman</i>	— <i>Skotte, scotch</i> .
<i>Boesman</i>	— <i>Boesmans</i> ,	<i>blindeman</i>	— <i>blindes. blindman</i>

§ 134. Geleende meervoude.

Party snw. het nie self 'n mv. nie, maar gebruik die mv. van 'n sinonieme woord; b.v. *bedrog* gebruik die mv.

van *bedrieëry*. Die vernaamste van hierdie soort snw. is die volgende:

<i>aanbod</i> —	<i>aanbiedinge,</i>	<i>hoop</i> —	<i>verwagtinge,</i>
<i>beleg</i> —	<i>beleëringe,</i>	<i>leer</i> —	<i>leerstellings,</i>
<i>bedrog</i> —	<i>bedrieërye,</i>	<i>raad</i> —	<i>raadgewings; rate,</i>
<i>doel</i> —	<i>doeleindes,</i>	<i>raad</i> (bestuur) —	<i>rade,</i>
<i>eer</i> —	<i>eerbewyse,</i>	<i>seën</i> —	<i>seëninge.</i>
<i>genot</i> —	<i>genietinge,</i>		

§ 135. Snw. met meer as een mv. sonder verskil in betekenis:

<i>bad</i>	—	<i>badde, baddens, batte;</i>
<i>bed</i>	—	<i>bedde, beddens;</i>
<i>brug</i>	—	<i>brugge, brûe;</i>
<i>graf</i>	—	<i>grafte, graftes, grawe</i> (in hoë styl);
<i>klip</i>	—	<i>klippe, klippers;</i>
<i>lewe</i>	—	<i>lewes, lewens;</i>
<i>lid</i>	—	<i>lede, ledemate, lidmate</i> (van 'n Kerk);
<i>meerkat</i>	—	<i>meerkatte, maar ook meerkaaie;</i>
<i>mied</i>	—	<i>miede, miedens, (maar miet—miete);</i>
<i>vark</i>	—	<i>varke, varkens;</i>
<i>volk</i>	—	<i>volke, volkere;</i>
<i>voorskoot</i>	—	<i>voorskote, voorskooie;</i>
<i>vrou</i>	—	<i>vroue, vrouens;</i>
<i>wig</i>	—	<i>wigge, wîe;</i>
<i>rug</i>	—	<i>rugge, rugte, rûe;</i>
<i>maat</i>	—	<i>maats, maters.</i>

Hierby behoort ook 'n aantal verkleinwoorde, nl. van die wat genoem is in § 132, Opm. III:

<i>goedjie</i>	—	<i>goedjies, goetertjies;</i>
<i>kaljie</i>	—	<i>kaljies, kalwertjies;</i>
<i>kindjie</i>	—	<i>kindjies, kindertjies;</i>
<i>klippie</i>	—	<i>klippies, klippertjies;</i>
<i>lammetjie</i>	—	<i>lammetjies, lammertjies;</i>
<i>maatjie</i>	—	<i>maatjies, matertjies.</i>

§ 136. Snw. met meer as een mv. en met verskil in betekenis:

<i>bad</i> (warm bron)	—	<i>baaie,</i>
(wasskottel)	—	<i>badde, baddens, batte;</i>

<i>blad</i>	(van 'n boek)	— <i>blaaie</i> ,
	(van 'n boom, ook <i>blaar</i> — <i>blare</i> (maar <i>turksvyblaaie</i>);	
	(<i>blaar</i> , 'n seer, het <i>blare</i> , b.v. <i>koorsblare</i> .)	
<i>drijf</i>	(hartstog)	— <i>dripte</i> ,
	(deur 'n rivier)	— <i>driwwe</i> ;
<i>goed</i>	(besitting)	— <i>goedere</i> ;
	(ding)	— <i>goeters</i> ;
<i>hoop</i>	(stawel)	— <i>hope</i> ,
	(verwagting)	— <i>verwagtinge</i> ;
<i>letter</i>	(van die alfabet)	— <i>letters</i> ,
	(geskifte)	— <i>lettere</i> ;
<i>maat</i>	(om mee te meet)	— <i>mate</i> ,
	(vriend)	— <i>maters</i> ;
<i>man</i>	(eggenoot)	— <i>mans</i> ,
	(mansmens)	— <i>mans en manne</i> ;
<i>raad</i>	(bestuur)	— <i>rade</i> ,
	(advies)	— <i>raadgewings</i> ;
	(<i>raad</i> = boeregeneesmiddel, het <i>rate</i> .)	
<i>rug</i>	(liggaamsdeel)	— <i>rugge, rûe, rugte</i> ,
	(bergrand)	— <i>rugge, rûens</i> ;
	(b.v. <i>Swartrûens</i> , ook <i>Swartruggens</i> .)	
<i>saal</i>	(kamer)	— <i>sale</i> ,
	(om mee te ry)	— <i>saals</i> ;
<i>skof</i>	(van 'n bees)	— <i>skowwe</i> ,
<i>sker</i>	(werktyd)	— <i>skofte</i> .

Tot hierdie groep behoort ook party woorde van die soort genoem in § 130, 1, wat in die Nederlands in die enkv. daarin verskil, dat die een 'n *t* agteraan het, en die ander nie:

<i>gas</i>	(Ned. <i>gas</i> = 'n stof)	— <i>gasse, gas</i>
	(Ned. <i>gast</i> = besoeker)	— <i>gaste</i> ; visitor
<i>las</i>	(Ned. <i>las</i> = voeg)	— <i>lasse</i> ,
	(Ned. <i>last</i> = vrag, moeite)	— <i>laste</i> ;
<i>gif</i>	(Ned. <i>gif</i> = vergif)	— <i>giwwe</i> ,
	(Ned. <i>gift</i> = geskenk)	— <i>gifte</i> ;
<i>kus</i>	(Ned. <i>kus</i> = soen)	— <i>kusse</i> ,
	(Ned. <i>kust</i> = seekant)	— <i>kuste</i> ;
<i>lus</i>	(Ned. <i>lus</i> = strik)	— <i>lusse</i> ,
	(Ned. <i>lust</i> = begeerte)	— <i>luste</i> .

§ 137. **Snw. wat in die enkv. en mv. dieselfde is.**
 Name van mate, gewigte en hoeveelhede het gewoonlik in die mv. dieselfde vorm as in die enkv., as hulle nl. 'n bepaalde telw. voor hulle het, terwyl die hele hoeveelheid tog as een klomp voorgestel word; b.v.:

ses <i>el</i> ,	vyf <i>voet</i> ,
drie <i>duim</i> ,	twee <i>gram</i> ,
twaalf <i>ons</i> ,	sewe <i>paar</i> ,
tien <i>pond</i> ,	vier <i>dosyn</i> .

Ook die woorde *jaar*: vier *jaar*; *kwartier*: drie *kwartier*; en *uur*, alleen om die tyd van die dag te noem: *ses-uur*.

As hierdie woorde die meervoudsuitgang kry, beteken hulle aparte eenhede; b.v.: *ses el* = 'n ent van sesmaal een *el* lank; *ses elle* = ses aparte stukke, elkeen van 'n *el*.

Die volgende kry altyd die meervoudsuitgang: *jaarts*, *akkers*, *minute*, *maande*, *weke*, *dae*.

§ 138. **Snw. wat geen enkv. het nie:**

aanstellings, *fiemies*, *fraaiings*, *groete*, *harsings*, *hartkloppings*, *hoofbrekings*, *hurke*, *inkomste*, *ingewande*, *koste*, *komplimente*, *kwaavriende*, *lekkers*, *lopers* (om mee te skiet), *lewensmiddele*, *maanhare* (van 'n perd), *masels*, *medisyne*, *notule*, *onkoste*, *pokkies*, *pampoentjies*, *reisies*, *sedes*, *semels*, *sinkings*, *stuipe*, *toings*, *trekkings*, *voorouers*, *voorvaders*; en die woorde uit die kaartspel: *hartens*, *klawers*, *ruitens* en *skoppens*.

In party gevalle kan 'n paar van hierdie woorde tog in die enkv. voorkom. B.v.: *Van die inenting het maar net een pokkie opgekom*. 'n *Vriendelike woord is medisyne vir 'n bedroefde hart*.

OPMERKING. *Maanhaar* (enkv.) beteken die „*middelmaan*” of hoë rug in 'n pad, en word so genoem om die gelykenis met die *maanhare* van 'n perd.

§ 139. **Snw. wat geen mv. het nie.**

1. *Stofname*. Party kan darem 'n mv. kry met die betekenis van: verskillende soorte; b.v. *wyne*, *biere*, *vleise*.
2. Party abstrakte snw., waarvan die betekenis die gedagte aan 'n meervoud uitsluit; b.v. *honger*, *liefde*, *nederigheid*.
3. Name van dinge, waarvan daar maar net een bestaan: *die aarde*, *die heelal*.

c. Vorm of Naamval.

§ 140. Oor naamval is daar baie wanbegrippe. In die klassieke tale, en ook in die ou Germaanse tale, het die snw. deur middel van agtervoegsels verskillende vorme aangeneem om hulle funksie in die sin aan te dui. Is nou die naamval die *funksie* of die *vorm* van die woord? Dit kan nie die funksie wees nie, want 'n snw. kan baie meer as 'n dosyn funksies verrig, b.v.: as *onderwerp*, as *nwl. gesegde*, as *drieërlei voorwerp*, as die *besitter* van iets, as *aangesproke persoon*, as bepaling van *plaas, tyd, maat*, ens. Tog het die snw. in die ou tale nie eweveel verskillende vorme as funksies gehad nie, al was dit ook 'n groter aantal as wat die meeste moderne tale het. Vir Latyn en Grieks is daar bewyse dat dié tale op sekere tyd ag verskillende vorme van die snw. gehad het¹⁾; maar dit is later tot ses verminder, terwyl dit in Duits tot vier, en in Nederlands, Engels en Afrikaans tot twee verminder het.

As naamval die funksie beteken, dan moet ons net soveel naamvalle onderskei as daar funksies is. Tog praat die ou grammatikas maar van vier naamvalle. Hierdie aantal is te min om die funksies, en te veel om die vorme van die snw. te onderskei. Dit gee aanleiding tot baie hoofbrekings by die studie van Afrikaans. In die sin:

Die hond vang 'n rot,
sê hulle, dat *die hond* in die 1^e naamval staan; in:

Ek sal die hond 'n pak gee,
is dit dan volgens hulle die 3^e, en in:

Ek het die hond geslaan,
noem hulle dit die 4^e naamval. En tog sê ons elke slag „*die hond*”, sonder verandering in die vorm van die woord.

Dis algar oorblyfsels uit die ou grammatika, wat vandag nie meer pas nie. Destyds het die woord „hond” elke slag 'n ander vorm gehad, maar nou is dit elke slag dieselfde. Daar is maar een geval, waarin die woord nou nog 'n ander gedaante kry, en dit is as die hond voorgestel word as die besitter van iets, b.v.: *Die hond*

¹⁾ Die Tamiltal op Ceylon het vandag nog ag naamvalle.

se stert is af. Ons skrywe die lettergreep „se” na „hond” wel apart, maar dis tog nie ’n aparte aanduiding van ’n begrip nie, maar eenvoudig ’n aanhangsel, ’n s.g. *enklietiese* woordjie by *hond*.

Dit sal dus goed wees om die hele teorie van die ou naamvalle op sy te sit, en eenvoudig te praat van *twee vorme* van die snw., nl. die *noemvorm* en die *besitvorm*. Wil ons die funksie van die snw. onderskei, dan doen ons dit deur ’n sinsontleding baie doeltreffender as deur die onderskeiding van vier naamvalle.

§ 141. Die noemvorm.

By amper al die funksies, wat die snw. in die sin kan verrig, staan dit in die *noemvorm*. Dis die vorm wat die woord het, as die persoon of ding net maar genoem word: *hond, kat, man, vrou, tafel, stoel*, ens. Hieroor is verder niks besonders te sê nie.

§ 142. Die besitvorm.

Die besitter van iets kan aangedui word:

1. Deur die voorsetsel *van* voor die naam te plaas, en die uitdrukking, wat op dié manier ontstaan, na die naam van die besitting te plaas:

Die lande van my pa.

2. Deur die besitvorm van die snw. voor die besitting te plaas:

My pa se lande.

Die enklietiese woordjie *se* het gekom van die besitlike vnw. sy. Daarom word by ’n vroulike snw. dikwels *haar* in plaas van *se* gesê, en in die mv. soms ook *hul(le)*:

Ma se hoed,

of *Ma haar hoed.*

Die soldate se musiek,

of *Die soldate hul(le) musiek.*

§ 143. Die selfstandig gebruikte besitvorm.

Dis duidelik, dat die snw., wat in die besitvorm staan, gebruik word as ’n bvgl. bep. by die naam van die besitting. Nou kan ons ’n sin soos b.v.:

Hierdie is my hoed,

ook só sê:

Hierdie hoed is myne.

In die eerste sin is *my* ’n besitl. vnw., maar dis byvoeglik

gebruik by *hoed*. In die tweede is *myne* ook 'n besitl. vnw., maar hier verteenwoordig dit behalwe *myself* ook nog die woord *hoed*, en is nie by laasgenoemde snw. bygevoeg nie. Dit staan nou heeltemal op sigself, en is dus 'n selfstandige besitl. vnw. (Kyk § 20). Op dieselfde manier kan ons ook die byvgl. bepaling „*pa se*” in die volgende sin verander:

Daardie is pa se lande.

Die sin word dan:

Daardie lande is pa s'n (pa syn, pa syne).

Dus is „*pa s'n*” (of *syn*, of *syne*) 'n selfstandig gebruikte besitvorm.

In die vroulik kan ons in plaas van *s'n* ook *sê haar*, maar dis 'n bietjie ongewoon:

Daardie hoenders is Ma s'n, of Ma hare.

§ 144. Oorblyfsels van ou Nederlandse 2^e en 3^e naamvalle, wat nog in Afrikaans voortbestaan.

Ons het uit Nederlands nie alleen ons woorde geërf nie, maar ook heelparty uitdrukkings, wat in 'n gedaante van eeue gelede van die voorouers oorgeneem is, en nou in daardie vorm bly lewe.

In die ou 2^e naamval het ons:

1. Uitdrukkings soos *iets moois*, *niks nuuts nie*, *nie veel besonders nie*, ens. Dis die s.g. *partitiewe genitief* van die bnw. wat as snw. gebruik word na *iets*, *wat*, *veel*, *niks*. Eintlik behoort hiertoe ook ons woord *lekkers*, wat oorspronklik *iets lekkers* beteken, maar nou deur party opgevat word as 'n meervoud (= *lekker goedjies*). Die uitdrukking: *veels geluk* het deur verwarring ontstaan uit *veel geluks*.

OPMERKING. Die uitdrukking: *Daar is iets radikaals verkeerd* is foutief; dit moet wees: *Daar is iets radikaal verkeerds*, want die bedoeling is: *daar is iets verkeerds*, en die verkeerde ding is *radikaal verkeerd*. Dit is dus parallel met: *Ek het iets besonder moois gesien*, *iets buitengewoon goeds gehoor*, ens.

2. Woorde soos: a. *smôrens*, *soggens*, *smiddags*, *saans*, *snags*, *goedsmoeds*, *eersdaags*, *destyds*, *desnoods*, *enigsins*, *andersins*, *dësgeliks*, *eerstens*, *groterideels*.
b. *middernag*, *allerlei* (= van alle lei of soort), *velerlei*, *allerhande* (*hande* = soort), *allereers*, *allermees*, *allermens*, *dergelike*.

3. Uitdrukkings soos:

- | | |
|---|---|
| a. <i>myns insiens,</i>
<i>des doods skuldig,</i>
<i>kind des doods,</i>
<i>stem des roepende,</i>
<i>kwelling des geestes.</i> | b. <i>brood der smarte,</i>
<i>God der liefde,</i>
<i>beginsel der smarte,</i>
<i>ens.</i> |
|---|---|

OPMERKING. Die vorme met *s* in 2 en 3 is van die oorspr. mnl. en ons.; die met *r* is van die vrl. of van die mv.

In die ou 3^e naamval:

1. Al die woorde en uitdrukkings, wat begin met *ten* en *ter*; b.v.:

- | | |
|--|---|
| <i>ten aansien van,</i>
<i>ten behoefte van,</i>
<i>ten gevolge van,</i>
<i>ten voordele van,</i>
<i>ten dele,</i>
<i>ten minste,</i>
<i>ten eerste,</i>
<i>ten tweede,</i>
<i>ens.,</i>
<i>ten laaste,</i> | <i>ternouernood,</i>
<i>terselfdertyd,</i>
<i>terwille (van),</i>
<i>terdeë,</i>
<i>terloops,</i>
<i>terwyl,</i>
<i>ter dood (veroordeel),</i>
<i>ter harte (neem),</i>
<i>ter eljder ure,</i>
<i>ter sprake (kom of bring),</i>
<i>ter behandeling,</i>
<i>ter bespreking, ens.</i> |
|--|---|

Ten is 'n sametrekking van *te den* (die ou mnl. en ons. 3^e nv.) en *ter* van *te der* (die ou vrl. 3^e nv.). Tot hierdie uitdrukkings behoort ook: *te goeder trou* (nie *ter* g. tr. nie, want die lidw. pas nie hierby nie).

2. Woorde en uitdrukkings met een van die voorsetsels *by*, *in*, *met*, *van*, *uit*; b.v.:

- | | |
|--|---|
| <i>byderhand,</i>
<i>mettertyd (= met der tyd),</i>
<i>metterdaad (= met der daad),</i>
<i>met dien verstande,</i>
<i>indertyd,</i>
<i>inderdaad,</i> | <i>uiteraard (= uit der aard),</i>
<i>uitermate (= uit der mate),</i>
<i>Van den Berg,</i>
<i>Van der Merwe,</i>
<i>(Merwe of Merwede, 'n deel</i>
<i>van die rivier die Maas),</i>
<i>ens.</i> |
|--|---|

II. Die voornaamwoord.

a. Persoonl. vnw.

§ 145. **Geslag.** Die pers. vnw. het alleen in die 3^e persoon, en dan nog maar net in die enkv. 'n onder

skeiding van geslag; dis nl. vir mnl. *hy*, vrl. *sy*, ons. *dit* (of *hy*).

Getal. Vir die meervoud is daar vir elke persoon 'n aparte woord. Ons het teenoor die enkelvoud 1. *ek*; 2. *jy*, *U*; 3. *hy*, *sy*, *dit*; resp. die meervoud 1. *ons*; 2. *julle*, *U*; 3. *hulle*.

Naamval. Die pers. vnw. het geen besitvorm nie, want wat daarvoor gebruik word, is 'n aparte soort vnw., nl. die *besitlike* ¹⁾. Maar dit het *twee noemvorme*, waarvan die een vir die onderwerp, en die ander vir die voorwerp gebruik word. Daarom onderskei ons hierdie twee met die name *onderwerpsvorm* en *voorwerpsvorm*. Hulle is die volgende:

Onderwerpsvorm	Voorwerpsvorm
<i>ek</i>	<i>my</i>
<i>jy</i>	<i>jou</i>
<i>U</i>	<i>U</i>
<i>hy</i>	<i>hom</i>
<i>sy</i>	<i>haar</i>
<i>dit</i>	<i>dit</i>
<i>ons</i>	<i>ons</i>
<i>julle</i>	<i>julle</i>
<i>hulle</i>	<i>hulle</i> .

Uit hierdie lysie blyk, dat die voorwerpsvorm van *U*, en van aldie persone meerv. dieselfde is as die onderwerpsvorm. Die voorwerpsvorm word ook gebruik na 'n voorsetsel: *by my*, *van jou*, *met hom*, ens.

Die versterkwoordjie —*self* kan net so goed aan die voorwerpsvorm as aan die onderwerpsvorm gelas word, b.v.: *ekself*, *myself*; *hyself*, *homself*; ens.

Die wederkerige vnw. *mekaar* is altyd voorwerp, en het dus nie 'n onderwerpsvorm nie.

b. Besitlike vnw.

§ 146. **Geslag.** Sowel die bvgl. as die selfst. besitl. vnw. het verskil van geslag, maar ook nes die pers. vnw. alleen in die 3^e pers. B.v.:

¹⁾ In Nederl. is daar 'n besitvorm (2^e naamval) van die pers. vnw., wat egter nie 'n besit aandui nie, maar in sekere gevalle as voorw. van 'n sin gebruik word; b.v.: *Hij is mijns niet waardig*; *gedenk mijner*. In Afrikaans bestaan hierdie vorm nie.

Daardie man het al sy tande verloor, maar hierdie een het nog al syne.

Daardie vrou het al haar tande verloor, maar hierdie een het nog al hare.

Daardie kam het al sy tande verloor, maar hierdie een het nog al syne.

Uit die voorbeelde blyk, dat die verskil afhang van die geslag van die *besitter*.

Getal. Die getal van die *besitter* beslis of ons moet sê: *my, jou, sy, haar of ons, julle, hulle*; maar of die *besitting* enkv. of mv. is, verander niks aan die vnw. nie; ook nie al is dit die selfst. besitl. vnw. soos *myne, joue, syne, hare, ons s'n, julle s'n, hulle s'n* nie.

Naamval. Daar is by hierdie vnw. ook geen aparte onderwerps- of voorwerpsvorm nie.

c. Vraende vnw.

§ 147. Die vraende vnw. is vir mnl. en vrl. *wie*; vir onsydig *wat*; terwyl *watter* een aldrie geslagte kan verteenwoordig.

Wie word gebruik vir enkv. en mv.

Wat, en *watter* een kan alleen enkv. wees; in die mv. moet ons die naam van die snw. daarby sê, b.v.: *Watter mense, watter spykers*, ens., en in dié geval is dit nie meer 'n vnw. nie, maar 'n vraende *bvgl. woord*.

Wie het 'n besitvorm, nl. *wie se*; maar die besitvorm van *wat* is die vnl. bw. *waarvan*:

Wie se hoed is dit?

Waarvan is hierdie blad 'n afdruk?

Die voorwerpsvorm van *wie* is weer *wie*, ook na 'n voorsetsel; die voorw.vorm van *wat* is *wat*, as dit werklik die vw. van die sin is; maar na 'n voorsetsel word in plaas daarvan 'n vnl. bw. gebruik; b.v.:

Wie het jy in die stad gesien?

Met wie het jy daar staan en praat?

Wat het jy in die stad gesien?

Waar mee het jy die rot gevang?

d. Betreklike vnw.

§ 148. Die betr. vnw. is in al die geslagte dieselfde, nl. *wat*. Ons moet dus vir die geslag na die antesedent kyk. Ook hierdie woord is in enkv. en mv. altwee eners.

Wat die naamvalle betref, dit het 'n besitvorm, nl. *wie se*, wat alleen vir *persone* kan gebruik word; vir *dinge*, dus vir die onsydige geslag, is dit die vnl. bw. *waarvan*; b.v.:

Die man (vrou) wie se huis afgebrand is.

Die huis waarvan die dak ingeval het.

of: *Die huis, die dak waarvan ingeval het.*

Die voorw.vorm is net soos die ond.vorm, behalwe dat dit vir diere en dinge na 'n vs. verander in 'n vnl. bw. (Kyk § 43).

Die man (vrou) met wie ek gereis het.

Die osse, waarmee ons ploë.

Die hamer, waarmee ek die werk verrig.

e. Die ander voornaamwoorde.

§ 149. Van die orige vnw. het alleen die aanw. en bep.-aank. 'n besitvorm, b.v.:

Dit sal die een se beloning wees, wat sy werk die beste gedoen het.

'n Mens hoor ook partykeer die bep. aank. *die* in die meervoud, b.v.:

Hierdie pryse sal vir dies wees, wat hulle die beste gedra.

Maar hierdie meervoud is nie algemeen in gebruik nie, en word deur party skrywers afgekeur.

III. Die byvoeglike woord.

§ 150. Die verbuiging van die bvgl. w. bly beperk tot die bvgl. naamwoorde. 'n Bvgl. nw. kan op twee maniere gebruik word: *attributief* en *predikatief*. Attributief is dit, wanneer die bnw. in direkte verbinding met 'n snw. gebruik word, soos b.v.:

die gelukkige mense;

'n hoë toring.

Predikatief is dit, wanneer die bnw. die nwl. gesegde van die sin vorm; b.v.:

Daardie mense is gelukkig.

Die toring van ons kerk is hoog.

Dis alleen die *attributiewe* bnw., wat in party gevalle verbuig word.

§ 151. Hierdie buiging bestaan in die agtervoeging van die letter —*e*. Die gebruik van hierdie letter is nie so vas, dat daar skerp belynde reëls van kan gegee word nie; al wat kan gedoen word is, om in taamlik algemene terme sekere gevalle te omskryf, waarin daardie letter al of nie agteraan die woord gevoeg word; en ook dan is daar nog baie ruimte vir afwyking van sulke reëls. Die taalgevoel van die spreker of skrywer, en ook die gevoel vir klank en ritme speel daarby 'n groot rol. In hoofsaak is die gebruik of weglating van die —*e* afhanklik van die omstandigheid of dit 'n bnw. van *een* of van *meer* lettergrepe betref. Dis dus ook heeltemal duidelik, dat by die bnw. geen sprake is van geslag, getal of naamvals-vorm nie.

a. Bnw. van een lettergreep.

§ 152. Bnw. van een lettergreep bly in die reël onverboë; b.v.:

daardie vet koei; 'n fris vrou; die dik stok.

Uitsonderings. Die volgende kry 'n —*e*:

1. Die wat eindig op *d*, *f* of *g*.

Hierby val die volgende op te merk:

a. Woorde op *d* na 'n lang klinkletter, verander *d* in *i*; *goed*—*goeie*; *breed*—*breë*. (*Breë* word nie met *i* gespel nie, maar die klank word darem in die uitspraak gehoor.)

By party woorde het hierdie *i* permanent geword ook in die onverboë vorm, soos *rooi* (oorspr. Ned. *rood*), *kwaai* (oorspr. *kwaad*).

b. Die op *f* verander *f* in *w*.

Eintlik is dit net andersom, en moes ons sê dat die wat in die verboë vorm op —*we* eindig, in die onverboë vorm die —*e* verloor, en dan in plaas van met *w* agteraan, met *f* gespel word, b.v.: *lieuwe*—*lief* (vir *liew*), *dowe*—*doof* (vir *doow*). Dit kom ooreen met die geval van *onegte f* in § 130, 2.

Ook die reël, dat na 'n kort klinkletter *ww* in plaas van *w* geskryf word, is nie 'n buigingskwessie nie, maar net 'n spellingkwessie, soos b.v. *dowwe* — *dof* (vir *dow*).

- c. Die op *g* verloor die *g* in die uitspraak, sodra die buigings-*e* daaraan kom: *hoog—hoë, ruig—ruie*.

Die letterteken *ng* is nie *n* + *g* nie, maar 'n samegestelde teken vir 'n enkele geluid. Daarom val *bnw.* op *—ng* nie onder die reël vir *g* nie.

2. *Bnw.* wat oorspronklik op *—gt* of *—st* eindig, kry *—e*, maar in die onverboë vorm val die oorspronklike *t* weg; b.v.: *ligte—lig; woeste—woes*. Hierdie *bnw.* kom ooreen met die *snw.* wat ons in § 130, 1 bespreek het. Analoog met hierdie geval het ons ook: *bedeesde—bedees; safte—saf; bedroefde—bedroef; verbāasde—verbaas*.
3. *Bnw.* op *s*, van *snw.* gemaak, en die wat uitgaan op *ks, ps, ts*, kry *—e*: *Franse, Skotse, aardse, snaakse, hupse, trotse*. Sommige van die woorde op *ks, ps* of *ts* word egter in party uitdrukkings onverboë gebruik, soos b.v.: 'n *fluks perd; 'n rats perd*.

b. *Bnw.* van twee of meer lettergrepe.

§ 153. *Bnw.* van twee of meer lettergrepe kry gewoonlik die buigings-*e*: 'n *gelukkige moeder, 'n gevaarlike onderneming*.

Hiertoe behoort dan vanself die deelwoorde, wat as *bnw.* gebruik word: *veranderde omstandighede; gebruikte penne; innemende maniere*.

Uitsonderings:

1. Die wat op *—er* en *—el* uitgaan: 'n *edel man; my skrande seun; 'n donker hoek; die dubbel deur*. Hierby behoort vanself ook die *vergroterende trappe*: 'n *beter plan; 'n groter woning; die geriefliker inrigting*.
2. Woorde op *—lm* en *—rm*, wat as een lettergreep geskryf word, maar in die uitspraak tog soos twee klink. Hulle word in die buiging behandel soos *bnw.* van een lettergreep: *my arm famielie; daardie skelm plan; 'n warm dag; 'n kalm omgewing*.

OPMERKING. Terwyl dus, soos ons in § 128 gesien het, die *snw.* op *—lm* en *—rm* die reël vir die meerv. van *snw.* van twee of meer lettergrepe volg, word die *bnw.* op *—lm* en *—rm* behandel soos woorde van een lettergreep.

§ 154. **Besonderhede omtrent die buiging van bnw.**

1. Samegestelde bnw. volg die buiging van die laaste deel van die samestelling: *'n donkerrooi roos; daardie swartbont os; my liggeel tabberd; die spieëlgladde oppervlakte.*
2. Bnw. wat gewoonlik nie 'n —e kry nie, kan dit kry as dit in 'n figuurlike betekenis gebruik word: *die arme* (= *ongelukkige*) *kind; die stomme* (= *onnosel*) *man; 'n dure* (= *noodsaaklike*) *plig; die suiwere* = (*onvervalste*) *waarheid; 'n rooie* (= *uiterste*) *sosialis; felle strale.*
3. Ook as dit met nadruk gesê word, kan daar 'n —e kom na 'n bnw. wat dit gewoonlik nie kry nie: *die kwaaië huishoudster; 'n swarte tater; 'n gekke vent.*
4. In sekere vasstaande uitdrukkings, wat ons uit Nederlands oorgehou het, kom die buigings-e voor: *op vrye voete; teruggaan na die oue paaie; in grote mate; in besondere mate; die verre toekoms; die grote gros; die ope veld* (ook sonder snw.: *in die ope; die blote oog*; ens.

5. *Heel* word verbuig: *die hele dag*; maar as dit in teenstelling met *stukkend* gebruik word, bly dit onverboë: *'n heel hemp*. In: *heeldag, heelparty* is dit met die volgende woord samegestel.

Elk word verbuig: *elke dag, elke man*. Die staande uitdrukking: *in elk geval* is so uit Nederlands oorgemeen.

Seker word in die reël verbuig: *seker mense*; maar in die sin van *vasstaande* bly dit onverboë: *'n seker saak*. Ook sê ons: *'n seker iets*.

Ander word nie verbuig nie: *ander mense*.

Ieder word meesal verbuig: *iedere huis; iedere man*.

Enig word verbuig: *enige maatreël; enige belofte*; maar ons sê: *enig iets en enig iemand*.

Puur en naar kry —e: *pure bog, pure man, pure perd; 'n nare geskiedenis*.

Ganse en alle word altyd verbuig.

Ene (= 'n sekere) het altyd die —e: *Langs hom woon ene Hans Horeman*.

§ 155. **Uitsluitend predikatief** word die volgende bnw. gebruik:

afkerig, afkomstig, agter (b.v. hy is baie agter met sy werk), *alleen, bedag* (b.v. bedag wees op iets), *bedug, belus, benieud* of *benuut, bereid, bestand, bevrees, boeglam, boomskraap, botstil, deelagtig, doenlik, dors, fout, gearm, gedagtig, geheg, geneig, gesind, gewend, gewoon, haaks, honger, jammer, kapot, kwyd, tuis*.

OPMERKING. *Dors* kom attributief voor in die uitdrukking 'n *dors perd*; *gesind* kan attributief gebruik word as daar 'n bwl. bepaling by is, b.v.: 'n *gunstig gesinde magistraat*.

§ 156. **Uitsluitend attributief is:**

1. Die stoflike bnw.: 'n *goue ring*, 'n *lakense manel*, Die meeste stofl. bnw. word egter met die snw. tot een woord samegestel: 'n *ferweelbroek*; 'n *syrok*. Maar in figuurlike sin bly hulle apart: 'n *silwering stem*; 'n *stene hart*; 'n *yster gestel*; ens.
2. *voorst, agterste*; *binneste, buitenste*; *onderste, boonste*; *etlike, ganse, geruime, huidige, vorige*, en 'n aantal ander wat nie dikwels voorkom nie, veral wat in wetenskaplike terme gebruik word, soos *Briggiaanse logaritmes, hidroliese pers, Atlantiese oseaan, Kladniese klankfigure*, ens.

B. Vervoeging.

I. Die oorsake van vervoeging.

§ 157. Die verandering van die ww. noem ons *vervoeging*. Aangesien die ww. die vernaamste woord van die sin is, gee 'n verandering aan die ww. 'n ander betekenis aan die hele sin. Hierdie veranderings het drie oorsake, nl. verskil van *wys, tyd* en *vorm*. In die taal waarvan Afrikaans afstam, nl. Nederlands, is daar behalwe hierdie drie nog twee ander oorsake van vervoeging, t.w. *persoon* en *getal*; maar in Afrikaans het verskil van persoon of getal geen verskil in die vorm van die ww. ten gevolge nie, sodat ons dit buiten ons beskouing kan laat bly.

§ 158. **Hulpwerkwoorde.** Die vervoeging van die ww. word (met die uitsondering van 'n tiental (Kyk § 185) nie tot stand gebring deur 'n verandering aan die woord self nie, maar deur die gebruik van *hulpwerkwoorde*. 'n **Hulpww. is 'n ww. wat sy eie betekenis verloor, om 'n ander ww. te kan help.** B.v.: *het* beteken *besit*; maar as ek sê: *ek het geloop*, beteken dit nie meer *besit* nie; dit het so te sê 'n aanhangsel van die ww. *loop* geword. *Is* beteken *bestaan*; maar in die sin: *Die kind is gestraf*, het dit nie meer sy eie betekenis nie.

Ons onderskei die hulpww. volgens die doel, waarvoor hulle gebruik word, in hulpww. van *wys*, van *tyd*, en van die *lydende vorm*.

a. Wys.

§ 159. Met die naam *wys* of *modaliteit* bedoel ons die manier waarop ons wil hê dat die hoorder die ding wat ons sê, moet opvat. As ons wil laat verstaan, dat iets werklik waar is, sê ons dit op 'n ander manier as wanneer ons bedoel dat dit nie waar is nie. Daar is b.v. groot verskil in ons manier van praat as ons bedoel dat die ding wat ons sê moontlik of onmoontlik, wenslik of onwenslik, noodsaaklik of nie noodsaaklik nie, gelooflik of ongelooflik is, ens. Hieruit blyk dat daar 'n heelparty wyse is, d.i. 'n heelparty maniere waarop ons 'n sin *kan bedoel*. En om nou ons bedoeling te laat verstaan, het ons weer verskillende middels. So kan ons dit deur die toon van ons stem uitdruk; want ons kan ernstig of spottend, twyfelend of vertrouend, beslis of onseker praat, ens. Maar die vernaamste middels om *wys* uit te druk is die volgende drie:

1. *Bywoorde van wys*;
2. *Hulpww. van wys*;
3. *Verandering aan die ww. self*.

§ 160. Oor *bywoorde van wys* of *modaliteit* het ons al in § 42 gepraat; hier sê ons verder niks nie.

§ 161. Die vernaamste hulpww. van wys is: *kan, mag, moet, sal, laat*.

kan beteken op sigself: *in staat wees*;

mag „ „ „ : *verlof hê*;

moet „ „ „ : *verplig wees*;

sal „ „ „ : *geforseer wees*; *foresee*

laat „ „ „ : *toelaat, of ook veroorsaak dat iets gebeur*.

Dus as ek sê:

Ek kan goed perd ry;

Ek mag vanaand uitgaan;

Ek moet op tyd tuis wees;

Of jy wil of nie, jy sal daardie werk doen;

Ek laat 'n nuwe huis bou;

dan is hierdie woorde *nie hulpww. nie*, want in hierdie sinne het hulle hul eie betekenis. Daarenteë is hulle hulpww. in die volgende sinne:

Waarom is Jan afwesig? Hy kan dalk siek wees; d.i.: *Miskien is hy siek*.

Wat jy daar sê, mag waar wees, maar ek sal my nie daaraan steur nie; d.i.: *Ek sal nie ontken, dat dit miskien waar is nie, maar ens*.

Ons burgemeester moet ernstig siek wees; d.i.: *Ek weet dit nie seker nie, maar hulle sê so*.

Laat hy kom as hy wil; d.i.: *Ek gee nie om nie, of hy kom*.

Jy sal seker moeg wees; d.i.: *Ek dink jy is moeg*.

§ 162. Deur *verandering aan die ww. self* en deur *hulpww.* kan ons vier bedoelings in ons woorde lê, wat elkeen 'n wys genoem word; nl. die *aantonende wys*; die *wensende wys*; die *voorwaardelike wys* en die *gebiedende wys*.

§ 163. Die **aantonende wys** gee te kenne, dat iets *net so bedoel word* as wat ons dit sê; b.v.: *Ek praat*. Nou kan dit gebeur dat ek wil sê, dat iets nie waar is nie, maar dan druk ek dit uit met aparte woorde (byw. v. modaliteit), en die ww. self sê ek in die aantonende wys; b.v.: *Ek praat nie. Ek praat miskien nog vanaand met hom*. Ook as ons iets vra, staan die ww. in die aantonende wys,

en die indruk van 'n vraag maak ons deur die woordskikking en deur die toon waarop ons dit sê.

§ 164. Die **wensende wys** (ook, hoewel minder korrek, die *aanvoegende* of *byvoegende* wys genoem) word in party gevalle uitgedruk sonder hulpww., b.v.:

God seën jou op jou reis, my vriend!

Die Here bewaar die arme mense wat nou op see is!

In dié geval word dit uit die verband, waarin so'n sin voorkom, duidelik dat dit 'n wens is; maar daar is nie 'n uiterlike verskil tussen hierdie manier om 'n wens uit te druk, en die *aantonende* wys nie.

Gewoonlik egter maak ons die wensende wys met die hulpww. *mag* en die woordskikking van die vraende sin (§ 93):

Mag hy tog maar beter oppas!

Mag daar eendag verandering kom!

OPMERKING. Die hulpww. *mag* word ook gebruik om 'n moontlikheid uit te druk, en dan het die sin die gewone woordskikking van 'n bewering; b.v.:

„Wanneer sal ons jou weersien?” „Ek weet nie, maar ek *mag* die volgende week nog 'n keer by julle aankom”.

§ 165. Die **voorwaardelike wys** maak 'n veronderstelling van iets wat die spreker weet wat onwaar, of ten minste onwaarskynlik is, en sê wat daar sou gebeur as die veronderstelling waar sou wees. B.v.: Oom Hans is al 'n jaar dood; dan gebeur daar iets waar Oom Hans by sy lewe altyd plesier in had. Nou sê iemand: „As *Oom Hans nou nog hier was, sou hy seker lekker lag*”. Ons hoor aan die woordjies *was* en *sou*, dat dit nie 'n werklikheid is nie, maar 'n veronderstelling wat onwaar is. Dieselfde sin kan ook sonder die voegw. *as* gesê word in die woordskikking van die vraende sin: *Was Oom Hans nou hier, dan sou hy seker lekker lag*.

'n Ander voorbeeld: „*Het ek dit geweet, dan sou ek anders gepraat het*”. Hieruit hoor ons, dat die spreker die ding nie geweet het nie, en dus ook nie anders gepraat het nie.

Soms word net die veronderstellende sin gesê, en die hoofsin weggelaat; b.v.: *Was hy tog maar hier!* (aan-

vulling: *dan sou alles beter wees.*) *Had ek maar na sy raad geluister!* (aanvulling: *dan sou ek nou nie in die ongeluk wees nie*).

Uit die laaste twee voorbeelde sien ons, dat die voorw. wys ook 'n onvervulbare wens kan uitdruk; en dis die oorsaak waardeur party skrywers die voorw. wys verwar met die wensende wys. Daar is egter tussen die twee, in die geval van 'n wens, tog 'n groot verskil: 'n wens in die *wensende wys* dui die moontlikheid van die vervulling aan; in die *voorw. wys* daarenteë is daardie moontlikheid byna heeltemal uitgeslote. B.v.:

Wensende w.: *Mag hy maar weer gesond wees!*

(Ek weet nie of hy gesond is nie, maar meen dat dit moontlik is.)

Voorw. w.: *Mog hy maar weer gesond wees!*

(Ek weet hy is nog siek, maar ek maak net 'n veronderstelling en dink hoe bly ek dan sou wees.)

Die verskil in betekenis tussen die *voorw. wys* en die *aantonende wys* kom in die volgende voorbeeld duidelik uit: Twee mense staan voor die venster van 'n boekwinkel en sien 'n boek, wat hulle graag wil hê. Die een sê:

As ek geld het, sal ek daardie boek koop.

Die ander sê:

As ek geld had, sou ek daardie boek koop.

Die eerste meen dat dit moontlik is, dat hy die geld het of sal kry, en beskou dus die koop van die boek as 'n sekerheid of minstens 'n waarskynlikheid. Die ander egter weet dat hy nie die geld het nie, en dus ook nie die boek sal koop nie.

Dis ook duidelik, dat die tweede net so goed as die eerste in die *teenwoordige tyd* (Kyk § 182) praat, en nie soos party skrywers dit voorstel, in die *verlede tyd* nie; altwee bedoel *nou, op die oomblik*.

§ 166. Die **gebiedende wys** druk 'n gebod uit. Dit word sonder hulpww. gemaak, behalwe in 'n ontken-nende gebod. By ontkenning gebruik ons meesal die

hulpww. moet en smelt dit same met die ontk. bw. *nie: moenie*. B.v.:

Loop! Moenie loop nie!
Kom hier! Moenie hier kom nie!

Die ontkenkende geb. w. word darem partykeer sonder daardie hulpww. uitgedruk, b.v.:

Werk hard! Werk nou nie te hard nie!

Die onderwerp is in die geb. w. altyd die 2^e persoon: *jy*; maar dit word nooit daarby gesê nie, behalwe as ons met nadruk die persoon, vir wie ons die bevel gee, wil aandui:

Loop jy maar, Hans sal hier bly.

§ 167. Opmerking oor wyse.

Die hele teorie van die wyse behoort in Afrikaans 'n grondige hersiening te ondergaan. Soos dit totnogtoe is, het ons dit van die Hollandse grammatisie, en hulle op hulle beurt weer, het dit van die Latynse gekry. Die name: *aantonende wys*, *aanvoegende wys*, *voorwaardelike wys*, ens. is klaklose vertalings van die Latynse terme. Nou het die Latynse terme ongetwyfeld op Latyn gepas, maar hulle pas nie meer op Afrikaans nie. Ook kon van Latyn gesê word, dat die modaliteit van die sin uitgedruk is deur sekere bepaalde vorme van die werkwoord. Maar in Afrikaans het die ww. amper geen vorme nie en word hulpwerkwoorde in plaas daarvan gebruik. Die beste beskouing van die modaliteit van 'n sin in Afrikaans is o.i. een *wat rekening hou met die betekenis van die hulpwerkwoorde*. Ons sou dit ongeveer as volg kan inrig:

1. **Wyse wat sonder hulpww. uitgedruk word:**
 - a. die *bewerende wys* (= aantonende w.): *ek loop*.
 - b. die *gebiedende wys*: *loop!*
 - c. die *wensende wys*: *God seën jou, my kind*.
2. **Wyse wat met 'n hulpww. uitgedruk word:**
 - a. die *wensende wys*: *Mag Hy jou voorspoedig maak*. (N.B. Daar is dus 'n wensende w. *met* en een *sonder* hulpww.)
 - b. die *moontlikheidswys*: *Dit mag vanaand reën*, maar vandag sal dit droog bly.
Annie kan wel siek wees, dat sy nie hier is nie.
 - c. die *onwaarskynlikheidswys*: *As Oom Hans nog hier was*, sou hy lekker lag.
 - d. die *gevolgtrekkende wys*: *Daar moet 'n ongeluk gebeur het*, kyk hoe loop die mense.
 - e. die *toelatelende wys*: *Laat hulle maar probeer om my dit na te doen!*
 - f. die *vermoedende wys*: *Hy sal te laat gekom het by die trein*, want hy kom weer terug.

Ens.

Hierdie benaminge is net as 'n suggestie bedoel. Ons wou dit egter nie waag om verder te gaan en hulle in ons beskrywing van die wyse in te sluit nie; want terwyl ons die konserwatisme in ons onderwysstelsel ken, is ons bevrees, dat die meeste onderwysers van so 'n groot nuwigheid sou terugskrik, as hulle nie so ver sou gaan om dit as 'n taalkundige kettery te beskou nie. Die dogma heers nog kragtig in ons skole (en veral in ons eksamens!). Maar moontlik kan die hier gegewe beskouing mettertyd lei tot 'n frisser, gesonder en meer Afrikaanse behandeling van die onderwerp onder bespreking. Dr. D. F. Malherbe sê in sy Afrikaanse Taalboek: „By die onderwys van Afrikaans kan ons ons eie pad gaan”. Waarom doen ons dit dan nie?

§ 168. Die onbepaalde wys of die noemvorm van die ww.

Daar is nog 'n gebruik van die ww., wat die naam van wys dra, nl. die *onbepaalde wys* of *infinities*. Dis egter nie 'n gepaste naam nie, want die onbep. wys is maar net die *naam* van die ww., b.v.: *loop, sing, slaap*, en kan nie gebruik word om aan 'n sin 'n sekere bedoeling te gee nie. Dit kan nie eers op sigself die gesegde van 'n sin uitmaak nie, maar moet altyd 'n ander ww. daarby gebruik. Ons kan sê dis die *noemvorm* van die ww.

Dit het twee funksies, nl. om in verbinding met sekere ww. of met die woordjies *te* of *om te* 'n *werking* uit te druk, of om 'n werking voor te stel as 'n *selfstandigheid*. B.v.:

Ek wil trek. (Hier druk *trek* 'n werking uit.) *Jy hoef nie te trek* nie. (Weer 'n werking.)

Dis swaar om te dra. (Werking.)

Loop is 'n gesonde oefening. (Hier is *loop* as 'n selfstandigheid voorgestel.)

§ 169. Die onbep. wys kom voor:

1. Na die voorsetsel *te* of *om te*: *te loop; om te ry*.
2. As iemand iets *kan, wil, sal, mag, moet* of *durf* doen: *Ek kan skryf. Hy mag speel.*
3. As iemand iets *gaan, kom, bly* of *leer* doen: *Ek gaan skiet. Ek bly sit. Ek leer boekhou.*
4. As iemand 'n *ander* iets *sien, hoor* of *voel* doen: *Ek sien hom val. Ek voel die wind waai.*
5. As iemand 'n *ander* iets *laat, leer* of *help* doen: *Ek laat hom staan. Ek help hom pluk.*